STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNICIPALITY • UMASIPALA • MUNISIPALITEIT

Dien as 'n Wykskomiteelid

STIGTING VAN WYKSKOMITEES EN UITNODIGING VIR NOMINASIES:

Noudat die plaaslike regeringsverkiesing aan die begin van November 2026 afgehandel is, moet die munisipaliteit soos bepaal deur Artikel 72, 73, 74 en 75 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet, 117 van 1998, wykskomitees vestig in al 23 wyke.
Die doel van 'n wykskomitee is om deelnemende demokrasie in plaaslike regering te bevorder:

'n Wykskomitee -

- is 'n raadgewende liggaam sonder uitvoerende magte
- is onafhanklik
- is 'n verteenwoordigende struktuur van die wyk; en
- is onpartydig en voer sy funksie uit sonder vrees, guns of vooroordeel

Kriteria vir verkiesing:
Om as 'n lid van 'n wykskomitee verkies te word, moet 'n persoon –

- 'n geregistreede kieser in die betrokke wyk wees;
- nie 'n Raadslid van Stellenbosch munisipaliteit wees nie;
- nie 'n werknemer in diens van die munisipaliteit wees nie;
- moet nie vir meer as drie maande vanaf datum van nominasie agterstallig wees aan die munisipaliteit ten opsigte van belasting en dienste nie;
- moet nie iemand wees wat na Februarie 1997 skuldig bevind is aan 'n oortreding en gevolglik gevonnis is vir 'n periode van nie minder as twaalf maande sonder die opsie van 'n boete nie; of
- moet nie iemand wees wat deur 'n geskikte hof tot 'n persoon met ongesonde verstand verklaar is nie.

Hoe om 'n persoon te nomineer om te dien op 'n wykskomitee:

- Nominasies kan geografies gedoen word of per sektor in die geval waar die sektormodel van toepassing sal wees.
- Nominasievorms sal beskikbaar wees op die Stellenbosch Munisipale webwerf, www.stellenbosch.gov.za, by biblioteke, wcest@stellenbosch.gov.za en Kantoor van die Speaker, 2de Vloer, Munisipale Kantoorkompleks.
- Voltooide en getekende vorms tesame met kopieë van ID's moet teen 15h00 ingehandig word in 'n verseëlde koevert voor of op **Maandag, 11 Januarie 2027** by die volgende punte:

1. In 'n duidelik gemerkte **"Nominasieboks"** by die Hoofgebou, Stellenbosch Munisipaliteit, Pleinstraat, Stellenbosch. (Die verseëlde koevert moet duidelik aan die buitekant gemerk wees "***NOMINASIE WYKSKOMITEE***", tesame met die wyksnommer waarvoor die nominasie gemaak word).
2. E-posse sal aanvaar word. E-posadres: wcest@stellenbosch.gov.za

WYKSKOMITEE STIGTING VERGADERINGSKEDULE 2026 - 27

WARD	COUNCILLOR	DATE	TIME	TRANSPORT PICK-UP POINTS
1	Cllr R Pheiffer	18-Jan-27	**Groendal Gemeenskapsaal [19:00]**	Bo-Hoek Farm Gate (Minibus) **[18:30]**
2		19-Jan-27	**Groendal Gemeenskapsaal [19:00]**	La Motte **[18:15]** Omliggende plase **[18:30]**
3	Cllr C Manuel	18-Jan-27	**Wemmershoek Gemeenskapsaal [19:00]**	Lanquedoc Klip Church **[18:00]** Meerlust Bosbousal **[18:30]**
4	Cllr R Van Wyk	19-Jan-27	**Pniel Banketsaal [19:00]**	Sewe Riviere Plase [18:00] Kylemore Gemeenskapsaal [18:30]
5	Cllr S Heneke	20-Jan-27	**Trinity Methodiste Kerk Idasvallei [19:00]**	Akkerland Creche [18:30]
6	Cll N McCombring	20-Jan-27	**St Ida's Primêre Skoolsaal (Idasvallei) [19:00]**	Lievland / Kanonkop / Timberlea / Nietvoorbij **[18:00]**
7	Cll R Loftie-Eaton	21-Jan-27	**Stellenbosch Hoërskool [19:00]**	
8	Cllr T Kumm	26-Jan-27	**Stellenbosch Stadsaal [19:00]**	
9	Cllr R Buys	27-Jan-27	**Stellenbosch Stadsaal [19:00]**	
10	Cllr R Du Toit	28-Jan-27	**Stellenbosch Stadsaal [19:00]**	
11	Cllr J Breedt	02-Feb-27	**Huis Horison [18:30]**	The First / Dwars-in-den-Weg / Papplaas /Devon Valley Farms **[18:00]**
12	Cllr A Tomose	26-Jan-27	**Kayamandi Corridor [19:00]**	
13	Cllr ON Tolobisa	21-Jan-27	**Kayamandi Corridor [19:00]**	
14	Cllr P Tsoni	27-Jan-27	**Kayamandi Corridor [19:00]**	
15	Cllr S Nqoji	28-Jan-27	**Kayamandi Corridor [19:00]**	
16	Cllr N Willemse	02-Feb-27	**Eikesaal (Cloetesville) [19:00]**	Kloofstreet Flats **[18:30]**
17	Cllr N Badenhorst	03-Feb-27	**Eikesaal (Cloetesville) [19:00]**	Rhode Road Flats **[18:15]** Stellita Park Stairs **[18:20]**
18	Ald JC Anthony	03-Feb-27	**Klapmuts Multipurpose Centre [19:00]**	
19	Cllr J Williams	09-Feb-27	**De Novo Gemeenskapsaal [19:00]**	Groenland Farm **[18:00]** Fischers road **[18:05]** Bottelary Clubhouse **[18:10]** Bellevue **[18:15]** De Waalshof **[18:20]** Koelenhof Stasie **[18:35]** Kromme Rhee Clubhouse **[18:40]** Elsenburg: JJ Rhode Skool **[18:45]** De Clapmuts Farm **[18:45]**
20	Cllr D Engelbrecht	10-Feb-27	**Vlottenburg Methodiste Kerk [19:00]**	Raithby Methodist Church **[18:00]** Eikendal Farm Gate **[18:15]** Meerlust Plaashek **[18:30]** Lynedoch Garage **[18:40]** Vlaeberg Tennisbaan **[18:50]**
21	Cllr A Ferns	11-Feb-27	**Webergedenk Primary Skoolsaal [19:00]**	
22	Cllr E Groenewald	11-Feb-27	**Doornbosch Landbousaal [19:00]**	
23	Cllr L Nkamisa	16-Feb-27	**Stellenbosch Stadsaal [19:00]**	Kayamandi High School **[18:30]**